# GESKIEDENISONDERRIG EN DIE BEGAAFDE LEERLING OP PRIMÊRESKOOLVLAK (2)

*Johan Horn (Departementshoof: Geskiedenis G O K)*

In die eerste aflewering van ons reeks oor Geskiedenisonderrig en die begaafde leerling op primêreskoolvlak het ons voorgestel dat kollegas ons van werkbare onderrigmodelle moet voorsien ter wille van die bevordering van ons vak.

Ons oproep het ongelukkig nie die gewensde reaksie ontlok nie. Moontlik is die kollegas huiwerig om hul voorbeelde in te stuur. **As 'n bepaalde onderrigmodule, van watter aard en watter primêreskoolklas ook al, in u klaskamer werk, doen ons 'n beroep tot u: laat u kollegas by u kers opsteek.**

In hierdie aflewering wil ons 'n module voorhou wat reeds met 'n groep st. 5-leerlinge in **Staatkundig-wysgerige studie** deurgewerk is. Daar is raakpunte met die onderrig van Geskiedenis. Met 'n klein bietjie aanpassing kan die voorbeelde hieruit ook in die Geskiedenisklaskamer toegepas word.

Die module wat ons wil voorhou, handel oor **samelewings van die** wêreld. Die uitgangspunt was dat leerlinge sover as wat dit moontlik is, hul eie inisiatief moes neem — onder leiding van die onderwyser. Ook moes daar baie geleentheid vir **groepwerk, debat, standpuntstelling, meningsvorming, kontrastering, afleiding,** ens. wees.

Die module is in die vorm van 'n werkboekie aan die leerlinge gegee. Daar is soos volg te werk gegaan.

**Die Suid-Afrikaanse samelewing**

In dié afdeling is probeer om van die bekende na die onbekende te beweeg deur vas te stel waarom mense op 'n bepaalde plek woon. Vir die doel moes leerlinge uitsluitsel oor die volgende kry:

1. **Waar sal jy graag wil bly? Gee 'n rede vir jou antwoord.**

   — naby 'n skool?
   — naby 'n myn?
   — naby 'n fabriek?
   — naby 'n kerk?
   — naby riooluitvalwerke?
   — naby 'n park?
   — naby 'n winkelsentrum?

Met die kennis so opgedoen was dit nou moontlik om die volgende opdraggie uit te voer:

2. **Jy wil graag 'n woonbuurt uitlê. Skryf 'n kort paragrafie om te sê waar jy dit sou uitlê. Gee jou redes.**


Op die wyse is tot bepaalde afleidings geraak ten opsigte van 'n samelewing (in die geval 'n stedelike samelewing) se vestigingsvoorkeure. In werklikheid word houdinge teenoor gemeenskapvoorkeure en selfs dienslewering aan 'n gemeenskap geskep of gevestig.

Die derde stap was om die Suid-Afrikaanse bevolkingsverbreiding onder die loep te neem. Vir die doel is 'n kaart ingesluit met die volgende opdraggies:

3. **Maak 'n sorgvuldige studie van die kaart**

   3.1 **Omkring die areas waar die bevolking op sy digste is.**

   3.2 **Dui aan watter areas yl bevolk is.**



Ter wille van die konsep van verstedeliking en redes daarvoor is hierna die volgende opdraggie gegee:

4. **Waarom dink jy bly daar so baie mense op die volgende plekke? Gee 'n rede vir jou antwoord.**
   - Witwatersrand
   - Pretoria
   - Kaapstad
   - Durban
   - Port Elizabeth

Ter wille weer van die kontras op die voorafgaande is die volgende ingesluit:

5. **Waarom dink jy bly daar so min mense in die:**
   - Kalahari
   - Karoo
   - Drakensberg
   - Bosveld
   - Kruger-wildtuin

Elk van dié gebiede het sy eie redes vir 'n yl of digte bevolking. Op dié wyse word leerlinge aan verskeie oorsake vir verstedeliking, onderbewoning of selfs plattelandse ontvolking blootgestel. Verder word ook die ryke verskeidenheid van die Suid-Afrikaanse samelewingsvestiging geïllustreer. Om die verskeidenheid beter te verstaan is die volgende takie ingesluit:

6. **Jy is 'n koerantverslaggewer wat 'n onderhoud met 'n lid van die San-bevolkingsgroep (Boesmans) van die Kalahari voer na aanleiding van sy besoek aan Johannesburg. Skryf 'n beriggie soos aan jou vertel.**

Hier is twee voorbeelde van sulke "beriggies":

"Die mense het my met 'n lugvoël hier afgelaai. Die ding waarin ons gery het, het nie bene soos ons nie. By die rooi goed stop hy en by die groen goed ry hy maar wat dit is, weet ek nie. By 'n groot plek klim al die mense in sulke, lang wurms. Die lug maak sommer helder-oordag sulke lang krake in die aarde en die water val sommer vanself uit die lug en ook die ys. Die baie bewegende mense maak my mal, maar hierdie mal mense wil ek nie graag weer sien nie. Ek wil maar liewer terug gaan na my mense. Hierdie plek is mal. Ek wens ek het nooit gekom nie."

*(Amanda Scheun)*


Die tweede "beriggie":

"Ngadi, 'n Boesman wat vir die eerste keer in Johannesburg verkeer, het aan my bekend gemaak dat hy verbaas is om te sien hoe ons water mors. Verder sê hy, hy kan nie verstaan hoekom ons so min op 'n slag eet nie, want dis by hom gewoonte om baie te eet as hy voedsel kry. Die klimaat is vir hom vriesend koud. By die slaghuis het hy vir die eerste keer so baie vleis op een slag gesien en gewonder waar dit vandaan kom. Die voertuie het vir hom soos reusediere met ronde pote gelyk. In die aand was hy verras oor al die ligte."

*(Jean-Pierre Matthews)*

## DIE BLANKE SAMELEWEING VAN SUID-AFRIKA

Ten einde tot 'n begrip van die geskakeerde Blanke samelewing van Suid-Afrika te kom, moet die leerlinge ten aanvang die volgende kaart bestudeer:




Die opdragte wat daarna gevolg het was:

1. **Van hoeveel Europese lande is die Blankes van Suid-Afrika hoofsaaklik afkomstig?**
2. **Skryf die name van die lande neer.**
3. **Wat lei ons van die lyne op die kaart af?**
4. **Skryf nou die lande in 'n sekere volgorde neer.**

   (Dit is duidelik dat sommige lyne dik is, andere weer dunner. Dit stel die omvang van die emigrasiestroom uit 'n bepaalde land na Suid-Afrika — lande word dan in orde van elkeen se immigrasiebydrae neergeskryf).

Die volgende afdeling is 'n redelike stimulerende ervaring vir die leerlinge:

5. **Waarom dink julle verlaat mense hul onderskeie lande om dan 'n heenkome elders te vind?**

Die probleem is **Indiwidueel, groepsgewys** en dan in **klasverband** bespreek.

Die volgende is 'n voorbeeld van hoe een groep die redes vir immigrasie gesien het. (Hulle het self die redes verskaf en die onderwyser het bloot met die breë indelings gehelp).

Gesondheid
Finansiële redes:
slawe, handel, werkloosheid, armoede, mynbou, nuwe geleenthede, verplasing.

Godsdiens
Politieke redes:
ontevredenheid met owerheid, oorloë, kolonisering, vryheidstrewe, verbanning.

Suid-Afrika se skoonheid en vrugbaarheid.
Oorbevolking:
armoede, hongersnood.

Om die kwessie van oorsake vir immigrasie af te rond, is die twee begrippe **aanlokkende** en **wegstotende** redes verduidelik. Leerlinge moes groepsgewys aandui watter redes aanlokkend is, en watter weer wegstotend.

Hier is 'n voorbeeld van dié aspek deur 'n ander groep:

| **AANLOKKEND** | **WEGSTOTEND** |
|---|---|
| kostebesparing | oorbevolking |
| mynbou | godsdiensvervolging |
| gesondheidsredes | slawerny |
| beter lewensomstandighede | oorlog |
| ontwikkelingsmoontlikhede | werkloosheid |
| avontuurlustigheid | onderdrukking |
| aanloklike aanbiedinge | |
| vrugbare grond | |
| gemaksug | |
| natuurskoon | |

Dit is onnodig om te sê dat leerlinge die module baie geniet het. Daar was voldoende geleentheid vir eie werksaamheid — sonder dat die onderwyser alleen optree. In die volgende aflewering kan ons bes moontlik die Swart-, Kleurling- en Asiërbevolkingsdele van die Suid-Afrikaanse sameleweing aan die orde stel.

**BELANGRIK: STUUR GERUS U EIE VOORBEELDE VIR PLASING**